Geliefdes,

Dankie is so 'n klein woordjie wanneer daar eintlik geen woord bestaan om mens se dankbaarheid uit te spreek nie.

Vir my is die beste dan om op my knieë te gaan en terwyl ek dankie sê aan die Gewer van alle dinge, dan vir Vader te vra om deur Sy Heilige Gees aan die betrokkenes te verduidelik hoe diep en opreg dankbaar ons is.

Namens myself en elkeen van die amper 6 miljoen mense wat hier in Bosbokrand bly, wil ons hiermee baie, baie dankie sê vir die R80 000 bydrae aan ons bediening hier in Bosbokrand. Soos voorheen verduidelik, is daar soveel nood hier en die geld gaan gebruik word onder leiding van die Heilige Gees. Die nood hier is so groot, derhalwe vra ons elke dag vir Jesus om voor te stap en aan ons te wys waar ons Sy liefde moet gaan uitlewe!

Ons sê dankie dat julle gehoorsaam was toe God ons bediening en die kosbare mense van Bosbokrand op julle harte gelê het.

Dis inderdaad 'n voorreg om met julle as Sinode hande te vat om die miljoene mense hier te bereik met die Goeie Nuus van Jesus Christus ons Verlosser en Bruidegom.

Seën en vrede!

Walter Loots